Norienes Kleuterskool

Inligtingstuk

Speel, leer en groei saam na ‘n blink toekoms!

Werk en Wen

Dit is ons skool so mooi

Waarheen ons al die Norienes-maats nooi,

Waar jy self kan speel, baljaar, lag en werkies doen.

Werk en wen is wat Norienes - maats doen.

Liewe Pappa en Mamma lees asseblief hierdie inligtingstuk noukeurig deur aangesien dit belangrike inligting bevat.

Inhoudsopgawe:

1. Inleiding – Verwelkoming

1. Toelatingsbeleid

2. Skoolure

3. Skoolgelde

4. Norienes Opvoedkundige Program

5. Uiteensetting van Program

1. Verwelkoming

Geagte Ouers

Baie geluk met u keuse van Norienes Kleuterskool vir u kleuter. Hier by ons is dit vir ons van die grootste belang dat u kleuter gelukkig sal wees.

Die feit dat u, u kleuter aan ons personeel toevertrou, is vir ons van groot waarde. Ons verstaan die behoeftes van u kleuter en sal op sy/haar vlak met hom/haar werk en geleidelik deur die daarstelling van geskikte aktiwiteite en leergebeure op ‘n spelende wyse hom/haar trappie vir trappie toerus vir die formele leersituasie en so ook hom/haar instaat stel om aan die kritiese uitkomste van sy/haar leefwêreld te kan voldoen.

Ons skool is so beplan en toegerus dat die buite-en binneterrein mekaar perfek aanvul, sodat elke kleuter optimaal kan meedoen aan speel en leer handelinge om kennis en vaardighede asook die nodige tegnieke te bemeester waaroor hulle moet beskik.

Elke kleuter is ‘n kosbare geskenk wat ons van God ontvang het. Daarom sien ons daarna uit om saam met u as ouer te werk aan julle kleuters se perseptuele, kognitiewe, normatiewe en affektiewe ontwikkeling, om sodoende saam met u te kan belê in u kind se toekoms.

Vriendelike groete

Mev. E. Ellis

Kleuterskoolhoof: Pre-primêr

2. Toelatingsbeleid:

Kleuter kan toegelaat word tot Norienes kleuterskool indien hy/sy kwalifiseer in terme van die onderstaande toelatingsbeleid.

1. Kleuters waarvan die moedertaal Afrikaans is, of bereid is om in Afrikaans onderrig te ontvang met Engels as tweede taal en waarvan die Christelike geloof sterk oorkom.
2. Die ouderdom van die kleuter is as volg: Die jaar waarin die kleuter 3 jaar word tot 6 jaar.
3. Skoolfooie is streng vooruitbetaalbaar vanaf Januarie-November (oor 11 maande).
4. *REGISTRASIE WORD REEDS DESEMBER VOORUIT BETAAL VIR DIE VOLGENDE JAAR*
5. Skoolfooie is verpligtend en deur nie betaling, verbeur ‘n kleuter sy/haar plek.
6. Een maand skriftelike kennis word vereis indien u kleuter die skool gaan verlaat.
7. Dissipline: Ouers is medeverantwoordelik vir kleuters se opvoeding en dissipline.

3. Skoolure:

Ouers moet asseblief daarop let dat ons opvoedkundige program stiptelik om **7:30** ‘n aanvang neem. Indien u kleuter dus laat by die skool aankom, veroorsaak dit vir hom/haar, sowel as vir die ander kleuters in die klas groot ontwrigting. Reël dus asseblief u sake so dat u kind reeds 7:45 gearriveer het. Kleuters sal wel vanaf 6:30 reeds ontvang word.
Ons program is eers om 12:30 afgehandel en daarom doen ons ‘n vriendelike beroep op ons ouers om u kleuters eers 12:30 by die skool te kom afhaal. Moet asseblief nie tussen 12:00 en 12:30 pla by die hek nie, dit steur in storietyd wat die kleuters se konsentrasie belemmer. Indien daar ‘n krisis is, skakel asseblief ons kantoor nr: **(011) – 660 7049** en tref vooraf die nodige reëlings, bv. Dokter- of tandartsafspraak. Die hek word gesluit tussen 7:45 en 12:30 vir u eie kleuter se veiligheid.

Norienes Kleuterskool sluit in Desember soos die Departementele vakansie en open in Januarie dieselfde tyd. Junie/Julie vakansie is voldag slegs tot 17:30nm.

4. Skoolgelde

Die skoolgelde betaalbaar is as volg:
‘n Registrasiefooi van R1730 is betaalbaar wanneer u, u kleuter inskryf. Skoolgelde is vooruitbetaalbaar met ander woorde, Januarie as die skool begin, betaal u vir Januarie. Skoolgelde is **vooruit** betaalbaar van Januarie tot November voor/op die 7de van elke maand. (*Desember betaal u registrasie vir die volgende jaar)*

Die tariewe is as volg:

Voldag 06:30 – 18:00 R2990 x 11 maande skoolfonds + R1900: R2990

Halfdag 6:30 – 12:30 stiptelik R1900 x 11 maande. Ons naskool ure begin stiptelik om 13:00.

Bankbesonderhede: Solid Basics Development, ABSA Tjekrekening, Rek no 409 069 1449, Tak kode 632005 – NB!! GEBRUIK REKENING NOMMER AS VERWYSING ASB. Neem asseblief kennis dat die skool sluit vir skoolvakansies maar ‘n vakansieprogram word aangebied tydens elke skoolvakansie, behalwe Desember-maande.

5. Opvoedkundige Program van ons skool

Doelstelling met ons program en skool:

Om ‘n ryk prikkelende en stimulerende leefwêreld in totaliteit vir die kleuter te stig, wat hom/haar in staat stel om deur middel van effektiewe opvoeding en onderrigmetodes sy/haar navorsingsdrang sinvol te bevredig, wat sal lei tot die harmonieuse ontplooiing van sy/haar persoonlikheid in sy/haar weg na volwassenheid. So sal hulle aan die kritiese uitkomste kan voldoen.

Dagprogram:

Ons dagprogram maak genoeg voorsiening vir goeie afwisseling tussen rustyd, roetinetyd, kringtyd en verskillende hand-aktiwiteite tydens vryspel. Afwisseling van dag tot dag help om eentonigheid te voorkom. Met ons hoë standaard, aanbieding en beplanning poog ons personeel om altyd die dagprogram vars en sprankelend te hou.

5.1 Vryspel

Vryspel is van 7:00 tot 7:30. Hierdie deel van die program beteken dat die kleuters binne aan ‘n verskeidenheid aktiwiteite kan deelneem onder toesig van die onderwyseresse. Hierdie aktiwiteite sluit onder andere in: Fantasiespel, blokke, sandspel, fietse, legkaart, en nog vele meer.

5.2 Aankoms by klas

Ons kom in die klas bymekaar om gesamentlik ons dag se verrigtinge te open en te begin.

5.3 Teenwoordigheid en weerkaart

Hier kry die personeel die geleentheid om elkeen van die kleuters individueel op sy/haar naam aan te spreek en so kontak te maak. Die gewyde opening sluit enkele gebede deur die kleuters in, asook die sing van gewyde liedere en ‘n kort boodskap uit die Bybel. Die personeel kontroleer op die teenwoordigheidsregister wie almal teenwoordig is en ons kyk na die dag se weer. Nuuskringetjie word ook gehou – “Ons het ‘n nuwe baba, ons het ‘n ongeluk gemaak, ens”.

5.4 Toiletroetine

Dis ‘n belangrike deel van die program waar die kleuters geleer word om selfstandig die toilet te gebruik en sindelikheid word bevorder.

5.5 Gerigte aktiwiteite

Hier kry ons te doen met ons temabespreking, versies, uitstappies, sang- en musiekaktiwiteite, bewegingspele, persepsie, wetenskap ens.

5.6 Leerinhoud

Elke week se leerinhoud sentreer rondom ‘n tema waarvan die inhoud op ‘n tafel uitgestal word. Die inhoud verskil by die verskillende ouderdomsgroepe en word moeiliker soos wat die kleuter ouer word. Die temas word uiteengesit volgens die bepalings van die “Caps – dokument”.

U as ouer kan gerus artikels oor die tema van die week, van die huis af saam stuur om op die tematafel te plaas. Dit gee ‘n gevoel van ek is belangrik, my ma sien my en my behoeftes raak, sy stel belang in dit wat ek doen! Ons taak is om die kleuter in sy/haar hele menswees gereed te kry vir die “Groot skool” en beslis nie om die take wat aan die laerskole opgedra is, oor te neem nie.

5.7 Kuns/skeppende aktiwiteite

Die doel van hierdie aktiwiteite is om aan die kleuter sekere vaardigheidstegnieke te leer, sodat hy/sy met die materiaal tot sy beskiking, die tegniek kan bemeester. U moet u dus nie blind staar teen die eindproduk nie, want soos wat sy/haar tegnieke verbeter en hy/sy leer om te waag sal die eindproduk ook verbeter. Dit is nie hoe dit lyk nie, maar hoe dit daar gekom het. Dit is baie belangrik om elke prentjie wat huis toe kom te bewonder en te waardeer!!!! Maak asseblief ‘n ophef van sy/haar werk. Gee ‘n spesiale plekkie op die yskas of teen ‘n muur waar die prentjie uitgestal word. Onthou dit is kleuter gerig. Na afloop van ons tweeweeklikse beplanning word die kuns – koeverte huis toe gestuur, stuur asseblief weer net die koeverte terug skool toe.

5.8 Bak – en – brou

Elke Donderdag doen ons bak en brou wat gewoonlik met die tema van die week verband hou. Die kleuter word geleer om met ‘n mes te smeer, ‘n resep te volg en om netjies en skoon met kos te werk.

5.9 Verversingstyd

Verversingstyd vind aan tafel plaas. Kleuters kry beurte om tafel te dek en tafelleiertjie te wees en uit te deel. ‘n Rustige atmosfeer word geskep om rustig te eet. Tafelmaniere en gesonde eetgewoontes word bevorder.

Eie verversings: Gesonde kos bv. Vrugtesap of ‘n vrug en growwe broodjies. Skyfies is toelaatbaar maar geen lekkers.

Voldag kleuters word voorsien van ‘n ligte middagete en ‘n versnappering: ‘n vrug/broodjie in die namiddag. Indien u kind allergies is moet die nodige voedsel deur die ouer verskaf word.

Woensdae is snoepie dag of ‘n “verassing” in die kosblik dag.

5.10 Storietyd/Luistervaardigheid

Storietyd is ‘n baie belangrike deel van die dag. Nie net omdat kleuters baie lief vir stories is nie, maar die onskatbare waarde van taalontwikkeling, emosionele ontlading, luistervaardighede word aangeleer, en ouditiewe geheue word uitgebrei, ens. Elke kleuter behoort daagliks tuis ‘n storie te hoor, en terug te vertel, dit is van onskatbare waarde vir die bevordering van taal en leesgevoel.

5.11 Verdaag

Kleuters word elke dag, by die “speelhok” afgehaal. Kleuters kry die geleentheid om rustig te word. Sommige kleuters is poot-uit en gou-gou in droomland. Naskool kleuters rus vanaf 13:00 – 14:30. Slegs Gr RRR tot RR – geen uitsonderings. Gr R leerders slaap nie.

Moet asseblief nie gedurende hierdie tyd u kind kom afhaal as u nie vooraf reël nie.

5.12 Buitemuurse – aktiwiteite

1. Wetenskap : Experi-maatjies
2. Dans : Pro Dance Stars
3. Drama : Dramatix
4. Rugby : Rugga Kids
5. Gimnastiek : Impala Gimnastiekklub
6. Karate Kids – Goju Ryu Karate
7. Pottebakkersklasse : Kidz Kraftz

ierdie aktiwiteite is nie by die skoolgelde ingesluit nie, demonstrasielesse en inligting word in Januarie aangebied. Hierdie aktiwiteite word ook bekend gestel aan u as ouers tydens ons verpligte inligtingsaand in Januarie.

5.13 Siekte tydens skoolure Skool Reëls

* As gevolg van die feit dat ons baie klein babatjies in ons sorg het, wil ons elke ouer versoek om asseblief konsidererend teenoor die personeel en die ander babas/peuters te wees en **NIE** jou siek kind skool toe te stuur nie.

* Die department van gesondheid verbied ons om ENIGE siek kinders op ons perseel te huisves.

* Ouers moet asseblief hul kinders binne ‘n uur vandat die oproep gemaak is, kom afhaal. Ons sal jou nie bel indien dit nie werklik nodig is nie.

* Ons kinders speel buite gedurende die dag soos in ons daaglikse program vervat. As jou kind te siek is om buite te speel, hou hom/haar eerder tuis vir die dag.

* Stel die skool asseblief DADELIK in kennis indien jou kind in aanraking was met enige iemand wat ‘n aansteeklike siekte het, of self ‘n aansteeklike siekte onder lede het. Indien daar meer as een geval by ons aangemeld word sal ouers in kennis gestel word en ‘n lys van simptome sal gestuur word.

* GEEN medikasie sal toegedien word sonder skriftelike toestemming van die ouer/s nie.

* Medikasie moet duidelik gemerk wees met jou kind se naam, hoeveelheid en tyd van toediening. Sit dit in ‘n “ziplock” sakkie en sluit ASSEBLIEF ‘n spuit in.

* Die hoof mag haar eie diskresie gebruik om te besluit of ‘n kind gesond genoeg is om skool by te woon.

Neem asseblief kennis dat as jou kind ENIGE van die volgende simptome het, hul by die huis gehou moet word en NIE by die skool toegelaat sal word nie:

* Op antibiotika. Na 48 uur op antibiotika mag jou kind terugkom skool toe, indien hy/sy GEEN ander simptome (soos hieronder genoem) het nie.

* Indien jou kind op antibiotika is maar NIE aansteeklik is nie VEREIS ons ‘n doktersbrief ter bevestiging.

* Asemhalings probleme of ‘n aanhoudende hoes.

* Verkoue, Griep, Bronchitis of Bronchiolitis

* Kroep (Kroep is ‘n virale infeksie en dus aansteeklik)

* Mangelontsteking (Gewoonlik a.g.v. ‘n virale infeksie, wat wel aansteeklik is).

* Koors bo 38.5°

* Uitslag met gepaartgaande koors

* Diarhee

* Braking

* Ongewone moegheid
* Geen eetlus
* Loopneus wat groen of geel van kleur is (deurskynende loopneusies is toelaatbaar)
* Kopluise
* Ooginfeksie van enige aard
* Aansteeklike siektes bv. Masels,Pampoentjies,Waterpokkies ens.

5.14 Omsendbriewe en vorms

Dit word in brieweboek (flipfile) gestuur. Lees asseblief alle briewe/nuusbriewe wat aan u gestuur word. Dit is vir ons van groot belang om ingeligte en tevrede ouers en kleuters te hê. Stuur asseblief die brieweboek geteken terug skool toe

Gelde kan elektronies of per kaart by ons kantoor betaal word. Ter wille van veiligheid streef ons om geen of so min as moontlik kontant te ontvang.

5.15 Klere

Kleuters moet asseblief geklee word in gemaklike speelklere wat maar mag vuil word, want met netjiese kerkklere kan ‘n ou nie modderkoekies bak of boomklim nie. Merk asseblief alles baie duidelik, merk ook skoene en onderklere. Indien u kind per ongeluk verkeerde klere geneem het, stuur dit asseblief terug skool toe, sodat ons die regte eienaar kan soek.

5.16 Wat gebeur as ek verjaar?

Dit is belangrik om by die skool te verjaar, dit laat my belangrik voel! Dit gaan ‘n spesiale dag wees en ek is die “verjaardagkoning”. Reël asseblief vooraf met my juffrou vir ‘n geskikte dag om ‘n partytjie in die klas te hou. Moet asseblief nie ballonne en te veel lekkergoed stuur nie! Ons is klein en ons magies word gou-gou vol. Ballonne is gevaarlik! Dit kan in ons lugpypies glip!

5.17 Snoepie

Snoepiegoedjies word elke Woensdag verkoop, ons noem dit Snoepiedag. U ontvang ‘n snoepiekoevert waarop elke Woensdag aangeteken word. Dit is R10.00 per Woensdag en u kan dit vooruitbetaal vir die kwartaal.

5.18 Wat bring ek saam?

2 x vloeibare handewas seep, 2 pakke snesies (180), 2 pakke “whipes” en 12 toiletrolle.

Slegs vir Gr R leerders 1x 30 sakkie Flipfile.

‘n Ekstra stel klere wat gemerk is in my tassie, vir daardie onvoorsiene glipsies!

Miskien ‘n opgevoude plastieksakkie vir die natklere.

Dit is van die uiterste belang dat elke kleuter elke dag ‘n duidelik gemerkte tas sal skool toe bring. Dit is belangrik omdat klere wegraak as daar nie ‘n tas is om die klere in te bêre nie. Dit leer ook u kind om selfstandig te word deurdat hulle “verplig” word om hul eiendom op te pas.

Mamma moet asseblief elke middag in my tas kyk vir ‘n briefie of verlore klere. Dit is belangrik dat mamma in my tas kyk of ek nie ‘per ongeluk” ‘n speeding van die skool (wat baie oulik vir my was) ingepak het nie.

Sonroom (gemerk asseblief) moet elke dag saam gestuur word asook ‘n sonhoed wat by die skool mag bly.

Voldag kleuters wat slaap – matras word voorsien u moet asb oortreksel aankoop wat by die skool bestel kan word, en ’n kombersie gemerk asseblief. Dit word Vrydae huis toe gestuur om gewas te word. **(Nie vir Gr R leerders nie)**

Gebalanseerde kosblikkie vir 10 uur, soos uiteengesit in inligtingstukkie.

5.19 Wat bly by die huis?

Speelgoed en lekkergoed! Asseblief dit veroorsaak erge gevegte. Juwele en deftige klere wat nie mag vuil word nie. Skoene in die somer.

5.20 Wat moet ek aantrek?

Gemaklike speel klere vir klim en klouter en fietsry. Klere waarvoor mamma nie baie jammer is nie, omdat dit dalk vol verf kan word. Klere wat ek self kan aan- en uittrek, “dungarees” is pragtig, maar moeilik om uit te trek as die nood druk. Verkieslik nie skoene nie, dit kan wegraak en ‘n mens spring en hardloop makliker met kaalvoetjies.

Onthou: “ Mud is fun – it washes off”.

Ons herwin en versamel die volgende.

“Help asseblief ons Rommel trommel is leeg”

Eierdoppe (gewas as u kan)
Jogurt houertjies
Knope
Gebruikte rekenaarpapier
Tydskrifte
Koerante
Vuurhoutjieboksies
Foelie
Skoenbokse
Sigaretboksies
Leë toiletrolletjies
Geskenkpapier
Groentesakkies
Ou tennisballe
Afval material
Afval wol
Krukproppe
Appelbokse
Roomysstokkies
Polystyrene bakkies
Purity botteltjies
X-straal plate
“Shredded papier”
Kersfeeskaartjies
Kostuum juwele
Weermag klere en “boots”
Papierborde
Blinkers / glitter
Kant en valle rokkie vir fantasie
U boeke . storieboeke
Hoë hakskoene, handsakke en serpe